**Paarl Post**
27 February, 2014



# Man gevonnis vir bedrog

**'n Man is onlangs tot twee jaar korrektiewe toesig gevonnis nadat hy sy vorige werkgewers uit byna 'n half miljoen rand bedrieg het.**

Quinton Jacobs (32) van die Paarl is verlede Dinsdag skuldig bevind aan 32 klagtes van bedrog.

Jacobs, 'n voormalige werknemer van KWV, het produksie-bestellings wat reeds afgehandel was, oorgeplaas sodat dit nie meer reflekteer op die stelsel as deel van die handelsvoorraad van KWV nie, en die wyn dan vir homself gevat.

Hy het by die verhoor erken dat hy bedrog van R484 119,72 gepleeg het.

Jacobs het 'n pleitooreenkoms met die staat aangegaan en die staatsaanklaer, Enslin Orange, het met die ondersoekbeampte en die KWV gekonsulteer. Almal was tevrede met die vonnis-ooreenkoms.

Streeklanddros Patrick Ross het Jacobs hiervolgens, ingevolge art. 276 (1) tot twee jaar korrektiewe toesig gevonnis en 'n verdere vier jaar opgelê wat in geheel opgeskort is, op voorwaarde dat hy hom in dié tydperk nie weer sal skuldig maak aan bedrog, diefstal of enige misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is nie.

Hy is ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapenlisensie te besit.

** A former employee of KWV was sentenced to two years correctional supervision after being found guilty of fraud.*